

13 Februarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 3:6-4:31
Fokusgedeelte: Jeremia 3:12-20 en 4:1-4**

Erken jou ellende en vind genade by die Here

Jeremia verkondig aan Israel en Juda die toorn van God oor hulle volharding in afgodediens. Hulle word op hulle sondes gewys, maar gaan onversteurd voort. Selfs wanneer die toorn van God in hewigheid oor Israel ontbrand, skrik dit Juda nie af nie. In die visioen van 'n kokende pot verkondig die Here aan hulle die inval van 'n vreemde en wreedaardige volk. Dit dui op die opkomende wêreldmag van die Galdeërs wat Israel en Juda sal verwoes. Maar dan hoor ons in hoofstuk 3:21-25 die stem wat tot bekering roep en pleitend die sondes van die volk bely. Die volk gaan egter onverpoosd voort. In ons fokusgedeeltes belowe die Here egter aan hierdie wederstrewige volk dat, as hulle hul sondes erken en voor die Here bely, Hy aan hulle genade en ryke seëninge sal gee. Hoe groot is God se genade tog nie! Selfs na soveel hardkoppigheid en volharding in die sonde is daar steeds genade by God. Ons kan nooit te ver afdwaal om tot bekering te kom nie. Daar is altyd genade by die Here vir hulle wat waarlik berou oor hulle sonde het, dit bely en om genade smeek. Daarom, as jy dink dat jy reeds te ver gedwaal het, draai nou om. Daar is altyd genade by God in Christus vir 'n berouvolle sondaar.

Sing: Psalm 25:5

Ds DL de Beer (Emeritus)